

Besoek by BBM September 2021

Vir die eerste keer dedert Covid begin het, het ek en Elsabé die afgelope week weer die voorreg gehad om uit te gaan om die Evangelie uit te dra. In my klas was studente van Tanzanië, Ethiopië, Malawi, Zimbabwe, Zambië, Ivoorkus en Suid Afrika. Dit was so gepas om in hierdie Covid tyd deur die boek Job te werk en saam die troos in God se soewereiniteit te



ontdek: 2“Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit...5Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien, 6en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as.” (Job 42)

Party van die studente was voor Covid laas in hulle land en moes familieledede afstaan aan die dood sonder dat hulle kon teruggaan. Daar is min sulke verreikende ervarings as om oor vier dae vir sestien ure lank in een Bybelboek te wees en te hoor en ervaar hoe die Here met elkeen praat.

Soos altyd wanneer ‘n mens uitgaan om werk te gaan doen, moet jy erken dat jy veel meer opleiding ontvang het as wat jy kon gee. Hierdie week het ek die volgende geleer:

1. Die Here werk deur gebed. By BBM is die hele dag is gevul met gebede. Elkeen van die 100 mense daar bid deurentyd en elkeen het die vrymoedigheid om te bid en in elke gebed is die noue verhouding met- en die afhanklikheid van, die Here duidelik hoorbaar. Elke dag gaan daar ook gebede op vir sendelinge regoor die wêreld en elke dag, by hulle oggend oordenking, word daar vir verskillende lande in die wêreld gebid. Een van die twaalf diensgroepe daar fokus uitsluitlik op gebed. Dis daarom geen wonder dat die geskiedenis van BBM een goot verhaal van die verhooring van gebede is nie. Ek bid dat die Here my gebedslewe verder sal verryk en dat ek ook in my gemeenskap dit sterker kan laat posvat.
2. Die Here se Woord is soeter as heuning (Ps 119:103). By BBM spandeer almal baie tyd in die Woord. Die dag begin met stiltetyd. Elke oggend by ontbyt deel elkeen sy vers vir die dag met mekaar. Dis ‘n aangepende ervaring om te hoor hoe die Here elke oggende met elkeen gepraat het. Elke dag begin met al die studente saam in lofprijsing, ‘n preek en aanbidding.



Die opleiding is dan vir vier ure vir vier dae oor een Bybelboek waarvoor elke student elke week eksamen moet skryf en ook ‘n preek moet skryf. Elkeen se Bybel is duidelik hulle besitting wat die meeste gebruik word en wat werklik vir hulle soeter is as heuning. Ag, hoe begeer ek dat mense in my gemeenskap dit werklik sal proe... 12Sy bevel verontagsaam ek nie, ek heg meer waarde aan sy woorde as aan my eie begeertes. (Job 23:12)

3. Die Here se Gees vul gewone mense. Twee jong broers van Tanzanië kom in die oggende voor ontbyt en vee die stoepe, maak plantjies nat en politoer skoene. 'n Dame van Zimbabwe help kos maak en was skottelgoed. Ek het lanklaas sulke blinkende oë gesien en die hartlikheid waarmee hulle mens in die oggend groet, maak jou sommer lus vir die nuwe



dag. Hulle entoesiasme is aansteeklik en omdat hulle help waar ons ontbyt geëet het, het hulle ook saam met ons aan tafel geëet. Die res van die tafel is gevul met dosente en leiers, maar niemand daar kan hulle oggend vers met dieselfde geesvervulde passie voorlees as die drie nie. So

lank as die asem van God in my is, 4sal ek niks sê wat verkeerd is nie en sal daar geen onwaarheid uit my mond kom nie. (Job 26:3-4)

4. Die Here werk kragtiger as twee saam gaan. Die Here het dit so beskik dat Elsabé hierdie keer kon saamgaan. Dis soveel meer vervullend as ons dinge saam kan deel. Elsabé het ook die gawe om my te ondersteun en raad te gee vir my klasgee en dit alles in gebed te omhul. Net die algemene omgang en gesels met almal daar, het ook net soveel meer diepte want nie net kan mens uit 'n man en vrou oogpunt dinge deel nie, maar ook uit verskillende persoonlikhede dinge deel. Elsabé het vir die vrou daar vertel van haar ervarings met die behandeling van die Covid pasiënte. Met trane in die oë kon hulle getuig hoe dit hulle aangeraak het. Die volgende Covid vlaag behoort ook nou makliker te wees, want sy het nuwe voorbidders daar gekry...



5. Die Here bedien deur mense vir wie dit nie moontlik is om saam te gaan nie. By BBM het hulle hierdie week gevier dat na jare se gebed en harde werk die instansie nou formeel vir opleiding geregistreer is. Die hele week het opgeleef na 'n hoogtepunt van 'n dankdiens aan die einde van die week en die verrigtinge is afgesluit met 'n skenker se wors, en die nagereg was twee skenker dames se gemmerkoekies – luukshede wat hulle nie self kan bekom nie... Toe die uitdeel van 'n goedkoop pen vir elkeen tot spontane toejuiging oorgaan, het ek net weer besef hoe groot impak klein dingetjies het – veel meer as wat die sendelinge wat tuis bly ooit kan besef. Maar toe die tagtig studente elkeen nog 'n Bybel kon ontvang sodat hulle uit meer as een vertaling kan lees en of dit uitdeel op hulle uitreikwerk, was dit duidelik: Dit was vir hulle meer belangrik as enige materiële hulp. Dankie vir elke tuisbly sendeling – die Here werk kragtig deur julle.



As gevolg van ons werks omstandighede het ek en Elsabé nog nie kans gekry om op verlof te gaan nie, maar hierdie week het ons werklik meer versterk, bemoedig en opgebou as wat drie weke se vakansie ooit kan doen. Ons prys die Here vir Sy hand in ons lewe en gee Hom al die eer vir alles wat ons kon deel en ontvang die afgelope week.